Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za




# Heinrich Esterhuyse

**Area: Vredendal**

**T: 076 430 8302 / E: heinrich@laeveld.co.za**


**Gewasse:** Aartappels, sitrus, tafeldruiwe
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Heinrich Esterhuyse het in Lutzville grootgeword waar sy pa met wyndruiwe, droogdruiwe en 'n verskeidenheid groente geboer het. Hy is met 'n boeremeisie van Vredendal getroud en hulle het twee pragtige kinders – 'n seun, Stoumann, en 'n dogter, Katryn.

Hy het by Augsburg Landbougimnasium gematrikuleer en het Noordwes-Bolandkleure in rugby en atletiek behaal. Ander prestasies sluit in dat hy eerstespan skaak gespeel het, hy was deel van die swem eerstespan, lid van die debatspan en het deelgeneem aan toutrek, krieket, rugby, atletiek en tennis. Heinrich is 'n gekwalifiseerde krieketskeidsregter, hy glo die blootstelling en vaardighede van die verskillende spoortsoorte het gesorg vir goeie afronding.

Ná skool het hy 'n Diploma in Entrepreneurskap en Bemarking in die Kaap verwerf terwyl hy in sy vrye tyd skolerugby afgerig het. Hierna het hy by Diageo SA aangesluit en was hy later die maatskappy se Bestuurder in die Suid- en Wes-Kaap, hy het 'n opsie om die Afrika-mark te bestuur van die hand gewys met sy vrou se eerste swangerskap, omdat die betrokkenheid by sy kinders vir hom baie belangrik is. Heinrich het toe sy eie onderneming met die naam Farmsol begin.

Hy het in dié tyd 'n Sertifikaat as Besigheidsafrigter by Gordon's Institute of Business Science en 'n Sertifikaat as Junior Boekhouer by Intec College verwerf. In 2017 het hy besluit om in plantvoeding en grondgesondheid te spesialiseer nadat hy na 'n aanlyn-uitsending van Graeme Sait geluister en sy passie uiteindelik ontdek het.

Heinrich is 'n groot rugbyliefhebber, gaan jag graag saam met vriende en geniet die oorlog met homself op die gholfbaan. Hy ry ook motorfiets wanneer hy kans kry.

Hy lees graag meer oor nuwe produkte en verbeterings wat deur navorsing en proewe gedoen word. Entrepreneurskap in die bedryf is iets wat hom baie opgewonde maak en hy hou daarvan om dinge uit 'n ander perspektief te benader en om so, oor die lang termyn meer volhoubaar te wees.

**Die area waar hy werksaam gaan wees is hoofsaaklik in die Sandveld-gebied, maar ook gedeeltelik in Matzikama-gebied. Hy spesialiseer in aartappels, sitrus en tafeldruiwe en sy plan is om die regte strategie te help ontwikkel om die platteland weer die landboumekka van die Wes-Kaap te maak!**

Hy meen 'n oopkop-mentaliteit en moeilike gesprekke is hiervoor nodig. ***"Die tyd vir verandering in strategie is op ons voorstoep. Die tyd vir presisie op alle vlakke is nou hier en ek sal graag bewusmaking hieroor in my gebied wil dryf. Laeveld Agrochem bied vernuwing met innoverende produkte en dienste, en daar is geen twyfel by my dat ons saam 'n nuwe rigting in my gebied gaan inslaan nie. Die instrumente wat Laeveld Agrochem hiervoor bied, van MyFarmWeb tot biologiese beheer, is 'n bewys van ons 360-grade benadering,"*** vertel hy.

Heinrich glo daar kan met die regte ingesteldheid en die regte span mense om jou, altyd 'n plan gemaak word – alleen werk is nie die antwoord nie.

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.